6.3.96
Koornhof Welkome papier

WAAROM DIE NASIONALE PARTY VIR DIE GROND-WET MOET STEM

A. DIE PROSEDURELE IMPERATIEF

1. Indien die NP aankondig dat hy teen die grondwetlike teks gaan stem, verloor die Party effektief sy invloed op die verdere verloop en inhoud van daardie teks.

2. Indien die NP sou aankondig dat hy teen die grondwetlike teks gaan stem - wat nie later kan wees as Maandag-middag nie, anders wat gaan die NP-sprekers in die debat sê? - laat dit twee dae aan die ANC om die huidige ooreengekome teks deur amendemente, wat na goeddunke van die voorsitter van die GV ter Tafel geneem mag word, só te verander dat dit hulle pas. Dit is prosedureel moontlik, omdat al sou die Reëls dit nie toelaat nie, kan die GV die Reëls met 'n gewone meerderheid ophef. Hieronder sal aangetoon word watter winste die NP in die huidige teks behaal het wat in daardie omstandighede geheel en al van die tafel gevee kan word.

3. Selfs indien die ANC die ooreenkomste in die huidige teks gestand doen, sal 'n verwysing na die Paneel steeds die deur vir hulle ooplaat om daarna verdere wysigings ten kwade aan te bring. Indien die opinie aanvaar word dat daar slegs twee tekste ingevolge artikel 73(5) ter sprake is (wat nie vasstaan nie), naamlik die teks soos verwys na die Paneel en die teks soos gewysig deur die Paneel, is daar **niks** in die Grondwet wat die GV verbied om enige van die twee tekste te wysig wanneer dit na afloop van die Paneel se werksaamhede 'n teks moet goedkeur nie. Die bepaling sê nie dat die

GV na ontvangs van die Paneel se teks of in die afwesigheid van 'n aanbeveling van die Paneel, onverwyld oor die beskikbare teks moet stem nie. Die bepaling sê dat die GV die teks binne 14 dae moet **goedkeur** - enige wetgewende instansie sal dus steeds geregtig wees om in die goedkeuringsproses wysigings aan te bring.

4. Moontlike wysigings wat die ANC in sulke omstandighede kan oorweeg, sluit onder andere in:

Skrapping van tweederde-meerderhede, ook vir die verskansing van die grondwet
Skrapping van die 18-jaar-vereiste by stemreg
Versterking van regstellende aksie
Skrapping van eiendomsreg
Verswakking van taal- en kultuurregte
Verswakking van reg tot vrye spraak
Afskaffing van toegang tot inligting en administratiewe geregtigheid
Invoeging van 'n werkershandves (insluitende verbod op "scab labour" en invoeging van minimum-loon)
Skrapping van vrye ekonomiese deelname
Skrapping van akademiese vryheid
Algehele afwatering van beperkingsbepaling
Algehele horisontale werking
Skrapping van die tweede Huis van die Parlement
Verswakking van opposisiepartye se rol in Parlement
Afskaling van uitvoerende gesag-aanspreeklikheid
Afskaffing van veelparty-deelname aan aanstelling van regters
Retrospektiewe misdade
Afskaffing van kultuurkommissie en kultuurrade
Afskaling van provinsiale magte
'n Nuwe finansiële hoofstuk
Versterking van beheer oor openbare administrasie

Wysigings aan hoofstuk oor veiligheidsdienste

B. WINSTE EN VERLIESE IN DIE ONDERHANDELINGE

Die resultaat van die onderhandelinge soos gereflekteer in die huidige teks, moet gemeet word aan die vereistes wat die NP in *Our Future Together* gestel het.

1. Winste

A. Die kernsaspekte wat die NP in die Grondwet wou sien, **en wat deur suksesvolle onderhandeling in die huidige teks verskyn**, is die volgende:

'n Demokratiese stelsel gebaseer op die volgende uitgangspunte:

1.1 Een soewereine staat met een burgerskap.
1.2 Algemene volwasse stemreg.
1.3 Gereelde, vrye, geheime veelparty verkiesings.
1.4 Verteenwoordigende en verantwoordelike/aanspreeklike regering.
1.5 Grondwetlike oppergesag en verskansing.
1.6 'n Beregbare en afdwingbare handves van regte.
1.7 'n Onafhanklike en onpartydige regbank.
1.8 Skeiding van magte as beginsel.
1.9 Uitvoerige demokratiese kruiskontroles.
1.10 Drie verskanste vlakke van regering.
1.11 Grondwetlik verskanste verdeling van bevoegdhede tussen die vlakke.

'n Veelparty-uitvoerende gesag
Sterk provinsiale regering ooreenkomstig federale beginsels
'n Tweede huis van die Parlement
Uitgebreide meganismes vir minderheidsbeskerming
'n Handves van fundamentele regte, spesifiek ten opsigte van -

* deelname aan ekonomiese aktiwiteit
* eiendomsreg
* taal en kultuur.

B. Die ander belangrike kwessies vir die NP is die volgende. Hulle is ook suksesvol beding:

'n Grondwet verskans met 'n tweederde-meerderheid
Verskansing van die *essentialia* van 'n demokratiese staat met 'n 75%-meerderheid
Grondwetwysigings wat die provinsies raak, moet afsonderlik deur die twee Huise goedgekeur word
'n Verwysing na God in die Aanhef
Die naam "Republiek van Suid-Afrika"
Die vlag
Elf amptelike tale
Behoud van die taalbeginsels in die ou artikel 3
Een Suid-Afrikaanse burgerskap
Universele stemreg vir 18-jariges
Proporsionele verteenwoordiging
Verkiesings op die basis van kieserslyste
Onafhanklike verkiesingskommissie
Nasionale Vergadering bly in beginsel dieselfde
Behoud van die huidige ledetal
Versterking van die rol van minderheidspartye
Verskansing van die Opposisie en die Leier van die Opposisie

Sterk komiteestelsel
Beskerming van minderhede se rol in die wetgewende proses
Verwysing van wette na die Konstitusionele Hof
Volle aanspreeklikheid van die Uitvoerende Gesag
Verteenwoordiging van provinsies in die tweede Huis
Deelname van die tweede Huis aan die wetgewende proses
Behoud van die amp van President
Minstens een Adjunkpresident
Ministers as 'n reël lid van Parlement
Voorsiening vir Adjunkministers
Veelparty-deelname by aanstelling van regters
Meer parlementslede in Geregtelike Dienskommissie
Verskansing van handves
Sterk gelykheidsbepaling
Behoud van bepalings oor taal, godsdiens en kultuur
Moedertaalonderrig
Meer realistiese sosio-ekonomiese regte
Sterker kinderregte
Akademiese vryheid
Versterking van die reg op inligting
Betekenis en effek van beperkingsbepaling
Retrospektiewe misdade geskrap
Beperkte horisontale werking
Kultuurrade
Kommissie vir kulturele aangeleenthede
Provinsiale strukture dieselfde
Eie grondwette, wat mag afwyk, vir die provinsies
Provinsiale bevoegdhede uitgebrei: eksklusiewe magte en funksies
Uitbreiding van lyste funksies
"Overrides" beperk: nie-inmenging beginsel is ingevoeg
Asimmetrie en subsidiariteit

Sterk bepalings oor interowerheidsverhoudinge en samewerkende regering
'n Inkomste-delingsmodel vir die finansiële verhouding tussen die vlakke van regering
Plaaslike regering as volwaardige regeringsvlak
Behoud van plaaslike regeringshoofstuk
Proporsionele verteenwoordiging en wyke op plaaslike vlak
Plaaslike regering in die Finansiële en Fiskale Kommissie
Erkenning van tradisionele leiers en inheemse reg
Behoud van huidige finansiële beginsels
Onafhanklike Reserwebank
Behoud van Finansiële en Fiskale Kommissie
Professionele, bevoegde en onpartydige publieke administrasie
Onafhanklike Staatsdienskommissie
Deelname aan aanstelling van spesiale grondwetlike ampte en kommissies
Bepalings oor veiligheidsdienste, veral ten opsigte van verantwoordbaarheid

2. Verliese

Veelparty uitvoerende gesag
Twee volksliedere
Enkeltaal-onderwysinstellings
Grondhervormingsklousule
Uitsluiting vir werkgewers
Doodstraf
Aborsie
Toewysing van Parlementslede aan landdrosdistrikte
Parlementêre komitee vir minderhede
Terugverwysing van wetsontwerpe na Kabinet
Ratifisering van aanstellings deur tweede Huis

Sterker deelname in aanstelling van regters
Termyne van regters
Grondwetlike beskerming van onafhanklike vervolgingsinstansie
Internasionale Deklarasie oor minderhede
Raamwerkwetgewing by provinsies
Sekere funksies nie op lys van provinsiale bevoegdhede
Geen stem vir nie-residensiële belastingbetalers
Buurtrade
Verhoogde meerderhede by aanstelling van spesiale ampte en kommissies

C. UITSTAANDE KWESSIES

Die moontlikheid - hoe gering ookal - bestaan steeds om ten opsigte van enkeltaal-instellings, die grondhervormingsklousule en uitsluiting vordering te maak na Woensdag toe. Hierdie deur sal toe wees as die NP aankondig dat hy teen die Grondwet gaan stem.

D. POLITIEKE OORWEGINGS

1. In terme van die pad wat die NP vanaf 2 Februarie 1990 begin loop het, wat moes uitloop op 'n demokratiese staat met effektiewe minderheidsdeelname en -beskerming, kan die NP beswaarlik **téén** 'n grondwet stem waarvan redelikerwys verwag kan word dat dit aan die Grondwetlike Beginsels voldoen en waarin al die eienskappe wat hierbo in paragraaf B.1 genoem is, uitdruklik verskyn en verskans is. Veral gemeet aan die verskansing van demokratiese uitgangspunte en die ander effektiewe meganismes vir minderheidsbeskerming, sal daar 'n besondere swaar onus op die NP rus om aan te toon waarom hy teen 'n grondwetlike teks stem wat aan die Grondwetlike Beginsels waaraan hy meegewerk het, voldoen.

2. In 'n reeds uiters sensitiewe en onsekere ekonomiese situasie, sal verreken moet word watter opsie die minste skade gaan veroorsaak: 'n grondwet waarmee die sake-gemeenskap weliswaar probleme ondervind, of 'n referendum, met die gepaardgaande voortgesette onstabiliteit en onsekerheid, oor 'n grondwet **waarvan die inhoud tans totaal onseker is.**

3. Ten opsigte van die prinsipiële argument, kan niemand die NP daarvan beskuldig dat hy sy beginsels of sy ondersteuners versaak as hy vir die grondwet stem nie. EERSTENS, in die lig van al die winste hierbo aangetoon, en ingevolge waarvan 'n verskanste demokratiese stelsel verseker word, kan die verlies van die uitstaande sake geregverdig word. TWEEDENS is die NP nie alleen reeds op rekord dat hy teen daardie spesifieke aspekte gekant is nie; hy is reeds Vrydagaand in die Grondwetlike Komitee daaroor uitgestem toe besluit is oor watter teks op 8 Mei gestem sal word. Die NP kan nou met groot beslistheid aankondig dat hy onder protes vir die grondwet stem, ondanks die aspekte wat hy verwerp, maar dat hy dit in landsbelang, dalk primêr in belang van sy eie ondersteuners, moet doen. Daar rus 'n geweldige verantwoordelikheid op die NP om die afhandeling van die grondwet nie aan die ANC alleen oor te laat nie. In hierdie lig kapituleer die NP nie wanneer hy vir die grondwet stem nie, maar berei hy die weg voor vir sy nuwe offensiewe benadering as die sterkste opposisieparty. 'n Stem vir 'n grondwet met hierdie spesifieke uitstaande kwessies, kan 'n regverdiging wees vir onttrekking aan die RNE en die opneem van 'n volwaardige opposisierol.